




PINKSTER

PIEKNIEK DAG 1



Die battery is leeg

Teks: Handeling 1:4-5,8

Ons het krag nodig

Wat gebeur as jou foon doodloop tydens jou gunsteling game?

Of net toe jy jou ma wou bel?

Dis gewoonlik 'n gevoel van hulpeloosheid, jy is vasgevang en jy kan niks daaraan doen nie?

Na Jesus aan die kruis gesterf het en opgestaan het uit die dood, het Hy vir sy vriende gesê: "Julle het krag nodig. Wag vir die Heilige Gees. Hy is die "charger" wat Ek vir julle stuur." Die dissipels het 40 dae saam met Jesus geloop na Sy opstanding. Hulle het Sy genesings gesien, Sy preke en gelykenisse gehoor. Maar Jesus het geweet: sonder die krag van die Heilige Gees sal hulle soos 'n dooie battery wees. Kennis sonder krag. Mooi planne sonder energie.

Tien dae het hulle gewag. En gewag. Soos 'n foon wat ingeprop is en wag om op te laai.

Soms probeer ons ons eie lewe dra op ons eie krag. Ons probeer die regte ding doen. Ons probeer vriende verdra wat ons irriteer. Ons probeer eerlik wees selfs as dit moeilik is. Maar ons is nie gemaak om op ons eie krag te werk nie. Ons is gemaak om by God ingeprop te wees.

Familie vraag:


Wanneer voel jy die meeste soos 'n dooie battery? Gesels saam daaroor en dan gee julle dit vanaand vir God.

Gebed: Here, ons erken dat ons krag nodig het wat nie van onself kom nie. Net soos 'n battery ingeprop moet word, wil ons ook ingeprop wees in U. Dankie dat U die charger gestuur het. Amen.



PINKSTER

PIEKNIEK DAG 2



Die charge kom in!

Teks: Handeling 2:1-4

Die Heilige Gees kom met krag

Het jy al gewag dat 'n battery laai terwyl jy net WIL speel? Jy staar na die skerm: 2?...3?...4?... En dan, skielik, is dit genoeg om aan te gaan. En daai gevoel toe dit 100% is.....VRYHEID!

Pinksterdag was die dag toe God die “charger” ingedruk het. Die dissipels het in 'n kamer gesit, toe skielik 'n geluid soos 'n geweldige stormwind. Vlamme tongetjies vuur het bo elke persoon se kop verskyn. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees. Dit was nie stil en rustig nie. Dit was 'n POWER UP. Petrus, die man wat Jesus drie keer verloën het, wat weggekruipt het van die kruis, stap na buite en preek voor duisende mense. Sonder vrees. Met absolute sekerheid.

Wat het verander? Hy het OPGELAAI!

Die Heilige Gees verander nie wie jy is nie. Hy verander wat jy KAN doen. Petrus was steeds Petrus. Maar hy was nou 'n “fully charged” Petrus. Jy is steeds jy. Maar met die Heilige Gees is jy 'n FULLY CHARGED jy!

Gesels oor die Voor en Na verskille in elkeen van julle:


- Bang - Moedig (minder of geen vrees)
- Stil - Durf praat (guts)
- Alleen - Deel van iets groots
- Leeg - Gevul

Gebed: Here, dankie vir Pinksterdag. Dankie dat die charger nie net 'n ou storie is nie maar dat die Heilige Gees vandag nog beskikbaar is. Laai ons op, Here. Amen



PINKSTER

PIEKNIEK DAG 3



Altyd ingeprop

Teks: Johannes 14:16-17

Die Gees woon in ons

Watter soort laaier is die beste: 'n Draadlose laaier! Jy sit jou foon neer en dit laai vanself. Jy hoef nie 'n draad in te steek nie. Jy hoef nie te onthou nie. Dit gebeur net omdat jy naby die laaimat is.

Jesus het vir Sy vriende gesê: “Ek gaan nie julle alleen laat nie. Ek stuur 'n Helper, die Heilige Gees. En Hy sal nie net naby julle wees nie. Hy gaan IN julle wees.” Dit is die grootste upgrade in die geskiedenis. Die God van die heelal besluit om nie in 'n groot tempel of 'n verre hemel te bly nie, maar binne-in gewone mense soos ons.

Dit beteken jy is nie 'n paar kilometer van God af nie. Jy is nie 'n gebed ver nie. Hy woon in jou. Jy is altyd ingeprop.



By die skool is jy ingeprop. Op die sportveld is jy ingeprop. In die nag as jy bang is is jy ingeprop. Toe jy baklei het met jou boetie/sussie is jy ingeprop (selfs al het jy dit nie gevoel nie).

Die vraag is nie of die Heilige Gees beskikbaar is nie. Die vraag is of ons dit erken. Of ons bewustelik naby Hom bly, soos 'n foon wat op die laaimat bly.

Familie vraag:

Wanneer vergeet jy die meeste dat die Heilige Gees in jou is?

Hoe kan jy onthou om “ingeprop” te bly?

Gebed:

Here, dankie dat U nie ver is nie. Dankie dat U in ons woon. Help ons om te onthou dat ons altyd ingeprop is in U. Amen.



PINKSTER

PIEKNIEK DAG 4



Vol battery, Vol vrugte

Teks: Galasiërs 5:22-23

Krag bring vrugte daarom is jy gestuur!

‘n Fully charged foon kan alles doen. Jy kan musiek speel, navigeer, foto’s neem, WhatsApp, YouTube ensovoorts. Die battery is wat dit moontlik maak. So ook ons: ‘n vol battery van die Heilige Gees bring vrugte in ons lewe.

Paulus skryf aan die gemeente: as die Heilige Gees in jou woon, sal jy dit kan sien. Nie aan vlerke of ‘n glinstering nie maar aan die vrugte in jou lewe. Nege vrugte:

Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, trou, sagmoedigheid, selfbeheersing. Maar hier is die geheim: jy Maak nie hierdie vrugte nie. Net soos jou foon se apps nie ‘n battery laat laai nie want dit werk mos andersom. Die battery maak die apps moontlik. Bly naby Jesus, bly ingeprop, en die Gees laat die vrugte vanself groei. En wat doen jy as jou foon op 100% is? Jy go! Jy hardloop vooruit. Jy het geen verskoning om tuis te sit nie. En dit is presies wat Jesus vir ons sê op Pinksterdag.

Jesus se laaste woorde was nie: “bly maar in jou kamer en wees veilig nie”. Hy het gesê: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom. En julle sal My getuies wees.

Die battery is nie bedoel om net vol te sit en te wag nie. Dit is bedoel om gebruik te word. Krag is bedoel om uitgedeel te word. Petrus het gegaan. Die 120 het gegaan. 3000 mense het tot geloof gekom op daardie een dag. Die wêreld is verander deur mense wat fully charged was en gegaan het.

Onthou: Jy is nie te jonk om ‘n getuie te wees nie en jy hoef nie ‘n dominee te wees nie. Jy hoef net eerlik te wees, want die Heilige Gees is reeds in jou en jy moet net jouself beskikbaar stel.

Gebod:

Liewe Here, baie dankie vir hierdie week — ‘n Heilige week waar ons van voor af weer leer om ingeprop te bly in U. Ons is weer fully charged. Stuur ons! Amen